



Pitte se Tuinhoekie

deur Herman du Plessis

Besproeiing in die tuin

Oktober 2014

“Man,” sê Pitte vir my nou anderdag wanneer, “jy sal iets aan jou tuinbesproeiing moet doen as jy wil hê die plante wat jy ten duurste gekoop het moet mooi en sterk groei. Dit help nie jy staan hier met die tuinslang en natspuit nie. Jy mors net water.” Ek draai die kraan summier toe. Vies is ek op die plek! En ek dog ek doen goed.

“Kyk,” begin Pitte, “besproeiing in die tuin is eintlik ‘n groter kuns as wat meeste mense besef. As jou begroting dit nou nie toelaat nie, is ‘n tuinslang en ‘n missproeier op die punt seker ‘n oplossing en ‘n hulp. Maar regtig, as jy dit enigsins kan bekostig, installeer vir jou ‘n goeie besproeiingstelsel of laat dit doen as jy twaalf duime aan elke hand het. Maar doen dit net! Die hele ding begin by deeglike beplanning. En nie net die besproeiingstelsel nie; die hele tuin van voor tot agter. Dis belangrik dat jy plante wat min of meer dieselfde waterbehoefte het saam groepeer. Dit help nie jy plant ‘n aalwyn, ‘n kaktus en ‘n paar varkore bymekaar nie. Die aalwyne en die kaktus gaan vrek nog voor die somer om is, want varkore wil met hulle voete in die water staan en aalwyne skrik hom dood as hy net die woord water hoor. By wyse van spreke nou, gehoor!” Ek sug. Vandat ek ook ernstig begin tuinmaak het, is daar ‘n wêreld binne ‘n wêreld besig om vir my oop te gaan.

“Daar is baie produkte om van te kies. En elkeen het seker maar voorkeure en afkeure. Daar is Nelson, Orbit, Rainbird, Irritol en ook Hunter. Ek hou meer

van die laaste een. Dis belangrik dat jy die soorte sproeiers bymekaar moet groepeer. Dit help nie jy sit ‘n mikrosproeier, ‘n opwip missproeier en ‘n rataangedrewe sproeier (*rotor sprinkler*) saam op een lyn nie. Op die een plek gaan dit al ‘n moeras wees en dan is die tuin op die volgende kol nog nie eers nat nie. Nee, die beplanning moet deeglik wees. ‘n Rekenaarbeheerde stelsel is altyd ‘n goeie opsie as die begroting dit toelaat. Anders is ‘n handbeheerde (*manual*) stelsel ook net so goed. Onthou net een ding van ‘n rekenaarbeheerde stelsel; dis beter om die verdeelkas op ‘n wegsteekplekkie in die tuin te sit en liefsboggrond as om die hele wêreld vol kleppe te sit in klepkaste en later weet niemand meer waar is die goed nie. Of as jy moet instandhouding doen is dit ‘n vreeslike gesukkel om die werk gedoen te kry as jy tussen die plante moet oopgrawe om die minimum skade aan die plante aan te rig. Boggronds is beter. Die pype moet ook so ‘n graaf se blad diep ingegrawe word. Hier op die oppervlak is dit uiters frustrerend as die tuindienste elke week jou pype stukkend steek as hulle die tuin omspit.

Nog ‘n goeie ding om te installeer as jy ‘n rekenaarbeheerde stelsel hety is ‘n reën sensor. Dit kan gestel word om af te skakel sodra ‘n sekere hoeveelheid reën geval het. Daar is nog baie ander sensors ook soos bv. ‘n grondvog sensor, ‘n wind sensor en nog ander goed. Jou besproeiingstelsel kan later lyk soos ‘n weerstasie op Marioneiland,

maar dis vir manne wat hou van *gadgets*. Hou dit eenvoudig en jy het nie moeilikheid nie.”

“Nou hoeveel keer per week moet ek natmaak?” vra ek. “Elke dag?” “As jou tuin of ‘n gedeelte van die tuin nuut gevestig is, kan dit nie skade doen om dit aan die begin elke dag nat te maak nie. Gee die plante kans om met die minimum stres aan die gang te kom. Na so twee weke kan jy elke tweede dag natmaak en so hard jy die plante geleidelik af sodat hulle later met so twee keer per week se natmaak kan klaarkom. Dit hang ook van die reën af. As jy elke dag natmaak, dan bly die wortels net so onder die oppervlak. As daar dan ‘n probleem met die water kom, kan die tuin groot skade lei. Mense en plante is baie dieselfde. Gee vir ‘n mens elke dag kos sonder dat hy daarvoor werk en hy gaan dood van die honger as die kos nie meer daar is nie. Met plante gaan dit net so. As hy elke dag water kry, kan hy nie oorleef in droogtetye nie omrede die wortels nie geleer het om dieper te gaan werk nie. Dis mos lekker hier bo-langs. Dit hang ook af van die plante in die tuin. Sekere plante soos varkore en olifantsore hou van baie water. Ander spesies kan weer met minder klaarkom. Soms is dit nodig om met ‘n tuinslang te staan en natmaak om daardie spesiale hoekies te laat gedy. Klimaatstoestande speel ook ‘n groot rol. In die somer is dit beter om deur die nag te besproei om verdamping te bekamp en in die winter weer gedurende die dag sodat die blare afgedroog is hier teen vieruur se koers om ysskade te verminder. As jy ‘n elektroniese stelsel het, stel hom in die winter om net voor dagbreek aan te gaan vir so een of twee minute op ‘n zone om die ryp af te was. Jou tuin sal baie beter deur die winter kom as andersins. Wanneer ‘n mens ryp onder ‘n mikroskoop bekyk, sal jy sien dat hy vol skerp stekels is. As die dag breek en die son begin skyn, dan steek die ys/ryp die huidmondjies op die blaar stukkend en dis dan wat ernstige ryp-/ysskade voorkom. Alle besproeiingsrekenaars het ‘n A,B en party selfs ‘n C en D program. Gaan op program A en stel die rekenaar om net voor dagbreek aan te

gaan. Stel dit dan weer op program B om later die dag ‘n volle siklus te voltooi.”

“In ons warm somer klimaat is dit goed om ‘n kombers op die grond te hê. Dit keer vogverlies op warm dae en beskerm die wortels teen winterkoue. Blare en grassnysels werk nogal goed as grondbedekking. Anders is ‘n dik laag kompos of boombas net so goed. Dit hang maar van jou beursie af. Strooi net eers ‘n bietjie Ureum of KAN op die grond, want die grassnysels, blare, boombas of watter organiese materiaal jy ook al gebruik onttrek die stikstof in die grond om te kan ontbind en stel dit eers weer op ‘n baie later stadium vry. In daardie interim periode mag die tuin dalk ‘n stikstoftekort ontwikkel wat die plante nie baie gesond gaan laat voorkom nie.”

“My ou maat,” sê ek, “tuinmaak is ‘n wetenskap. Dis nie net vir gate grawe en ‘n paar goed in die grond druk nie!” “Sê jy wat lippe het,” en Pitte staan strammerig op vanwaar hy op die gras gesit het. “Laat ek waai! Ek het nog ‘n paar goeters om te doen voordat die son vannaand sak!”

(Lesers wat vrae het kan my kontak by 082 635 7088 of by herman@celtislandscaping.co.za vir verdere inligting.)